AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

# This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

# Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

# F.R. TOMLINSON GEDENKLESING

# *F.R. TOMLINSON MEMORIAL LECTURE*

**Die 1996 F.R. Tomlinson Gedenklesing is gelewer op 23 Mei 1996 in Bloemfontein**

***The 1996 F.R. Tomlinson Memorial Lecture was delivered on 23rd May 1996 in Bloemfontein.*** The author, Prof D.J.G. Smith, chose the subject : F.R. Tomlinson : Man and Scientist

## F.R. TOMLINSON : MENS EN WETENSKAPLIKE

D.J.G. Smith
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

1. Ja, ek word vanaand vereer deur die voorreg om hierdie lesing te mag aanbied, ter ere van ′n man wat lief was vir sy land, lief was vir al sy mense en sy hele briljante akademiese loopbaan gewy het aan hierdie liefdes.

2. Omdat die opsie van ′n onderwerp vir hierdie lesing aan my oorgelaat is, het ek besluit om dit van ′n meer persoonlike aard te maak. Ek doen dit om twee redes:

2.1 Omdat ek van die ouer garde wat nog op ′n manier aktief is in ons Landbou-ekonomie geledere, hom die langste geken het, eers as student, toe tegniese assistent, later junior kollega tot senior kolllega en toe as sy opvolger by die Universiteit van Pretoria in die vroeë jare sestig: voorwaar ′n swaar las wat op my skouers gelaai was! Vir heelwat jare daarná was hy nog aktief doenig (toe was hy reeds Direkteur van die destydse Transvaalstreek, maar die universiteit wou hom net nie los nie) in die Departement Landbou-ekonomie as mede-professor en het hy hoofsaaklik sy magister en doktorale studente hanteer, maar ook as eksterne eksaminator vir my eie Magister en doktorale studente tydens eksamens. Maar bo alles was sy hoogs gewaardeerde vriendskap deur 45 jaar - en moet nou nie vir my vra hoe oud ek is nie, want soos Lady Astor gesê het: “Ek weier om te erken dat ek ouer as 52 is, selfs al maak dit my seuns buite-egtelik!” Twee van my vier binne-egtelike kinders is egter vanaand hier teenwoordig (vir hulle en die ander twee was hy altyd oom Tommie).

Ja, toe hy in 1991 oorlede is, het ek en Martie, my geliefde vrou, die pad aangedurf na Swellendam, sy geboortedorp, en was dit my voorreg om namens ons Vereniging 'n kort huldigingsrede te lewer.

2.2 My tweede rede vir die onderwerp is om 'n poging aan te wend om die mens Tomlinson aan veral van die jonger garde bekend te stel. Julle het hom nie geken nie, weet nie presies wie hy was nie en wat sy doelwitte was wat hy reeds in 1939 vir die Landbou-ekonoom in hierdie mooi land van ons uitgespel het nie.

Ons moet dus ons geheues 'n bietjie verfris met die rede waarom ons vanaand hier is, sodat dit kan bly voortleef in die jare wat nog voorlê.

3. Omdat ek u vir ure sal kan besig hou met hierdie kort fris mannetjie genaamd, Frederik Rothmann Tomlinson, gaan ek slegs hier en daar 'n paar raakpunte vasvat en as u mooi luister en dan gaan lees, sal of behoort u begeesterd te wees met die talle boodskappe wat hy vir ons nagelaat het.

4. In 1946 het ek as rou tweedejaartjie, nogal ingeskryf vir Agronomie as hoofkeuse - wat weet 'n Zoeloelander wat daar gebore en getoë is en in Durban gematrikuleer het, nou van Landbou-ekonomie? In daardie jare het ons nege jaarkursusse in die tweedejaar moes aanbied en onbewustelik is daar ook aan 'n student die geleentheid gebied van vakinhoud en, so tussen ons, sy dosente te evalueer. Ek het gewik en geweeg, te lank gewag, maar net voor die Julievakansie my voete in prof. Tommie se kantoor gewaag om hom in kennis te stel dat ek graag met Landbou-ekonomie as hoofkeuse wil aangaan. Wat my die moed gegee het en my geprikkel het, was die suiwer logiese van hoe hy sy vak aangebied het en ook die waaroms. Voete op sy lessenaar het hy gesê hy is bereid om my te aanvaar met voorbehoude volgens die Universiteit se (en sy) voorskrifte. Dit het daarop neergekom dat ek vier ontbrekende jaarkursusse in die derde en vierde jaar moes bybring, onder andere Ekonomie. Ek het die uitdaging aanvaar en moes die Ekonomie saans per fiets bybring in die ou Buitemuurse Afdeling van die UP in Vermeulenstraat. Eerste boodskap: Ekonomie is die moedervak!

As gemotiveerde mens, onder omstandighede, het ek my opgeskerp tydens sy stimulerende lesings en het hy letterlik en figuurlik 'n wêreld voor my oopgevou, veral uit sy eie navorsingswerk sedert 1935 soos tog later sal blyk. Met my verdere verbintenisse met hom oor die 45 jaar, het die een waarheid na vore gekom in die woorde van John Dewey: "I believe that education is a process of living and not a preparation for future living". Veral onvergeetlik was die meer informele gesprekke in die motor saam met hom en in die rondawel daar op die Roodeplaat

proefstasie of in sy studeerkamer op sy plasie in Derdepoort naby Pretoria. Geen wonder dat ek hom naderhand my tweede pa genoem het nie. Prof. Y.T. Kotzé en dr. Blignaut sal van hierdie ervarings kan bevestig en so ook van die ander junior kollegas vir wie ek by tye spesiaal geleenthede geskep het om saam met hom te ry. So het dr. Stef Coetzee (tans vise-rektor, Universiteit vir CHO Potchefstroom) vir my kom dankie sê na so 'n sessie eendag saam met prof. Tommie (toe was ek reeds in Bloemfontein). Sy woorde was iets van hierdie aard: "Dit was seker die stimulerendste breinspoeling wat ek nog ooit gehad het. Wat 'n ervaring was dit tog nie!" Toe ek in 1952 my M.Sc.Agric.-graad kry, (Pretoria se stadsaal) kom prof. Tommie net voor die toekenning van die grade, druk hom by die ander studente verby tot by my en gee my 'n stewige handdruk met dié woorde: "Geluk Smittie". Die ander studente het ons net meewarig en jaloers aangekyk. So iets gebeur net nie tydens 'n gradeplegtigheid nie. Dit was die mens Tomlinson!

5. Wat nou volg kom vir gedeeltes uit sy eie pen, ten einde sy versiendheid vir die landbou-ekonoom van vandag bloot te lê. Onbewustelik is ons nog op daardie pad, miskien sonder die besef dat die boodskap reeds in 1939 uitgestuur is, of herdeurgestuur is deur sy lesings en ander. In sy inleidingsrede tot hierdie gedenklesing in 1993 oor: "South African Land Reform: A Policy Evaluation", het prof. Lieb Nieuwoudt in sy inleidingsin die volgende gesê: "F.R. Tomlinson was ahead of his time in his approach towards social upliftment of the developing agricultural sector". Daarna gaan hy aan met 'n mooi wetenskaplike beredenering, tipies van Lieb.

6. Prof. Tommie is in Swellendam op 21 Oktober 1908 gebore en op 25 Februarie 1991 op die ouderdom van 82 jaar oorlede. Hy was die 13e en laaste kind van die familie Tomlinson.

7. B.Sc.Agric. (Landbou-ekonomie en Veeteelt, 1929 - Stellenbosch)

   M.Sc.Agric (Stellenbosch, 1930). Die eerste student in S.A. met 'n M-graad in Landbou-ekonomie. Verwerf onder die leierskap van J.F.W. Grosskopf, en ek haal aan in Tomlinson se eie woorde: "regsgeleerde, ekonoom, later landbou-ekonoom, natuurlike landbousosioloog, vermaarde skrywer en ongetwyfeld een van die groot seuns van Suid-Afrika - (onder hom) het ek geleer <u>dink</u>".

   - Ph.D. (Cornell) 1933
   - D.Sc.Agric (Pretoria) 1937)
   - D.Sc.Agric. Honoris Causa (Pretoria), 1975
   - D.Sc.Agric. Honoris Causa (UOVS), 1984
   - D.Sc.Agric. Honoris Causa (Stellenbosch), 1986.

8. Tydens sy studies in die VSA het hy kennis gemaak en gestudeer onder prof. Warren wat as die hoofskepper van die vak "Farm Management" beskou word en ek gee dit in prof. Tommie, via Warren se eie woorde: "It is the subject that deals with the organization and management of the farm in such a way that it provides the entrepreneur with the best income over the long run and leaves the farm more productive at the end of his life than when he started". As gebore landeling, het hierdie definisie diep indruk gemaak, hoewel prof. Grosskopf dit reeds voor die tyd by hom ingeskerp het - ook sy verbintenis met die plek Swellendam, wat ek hoop op die einde by te kom.

8.1 In 1939 het hy sy professorale intreerede gelewer getiteld: "Die taak van die Landbou-ekonoom in Suid-Afrika". Kry dit in die hande en lees dit met 'n denkersoog. Hierin is te veel om weer te gee. Ek haal aan: "Skrywers soos Aristotelis, Xenophou, en Varro het in hul geskrifte reeds eeue gelede op landbou-ekonomiese probleme geraak. As wetenskap egter, is landbou-ekonomie maar nog in sy suigelingstadium." Ek slaan oor en haal weer aan: "Die tyd is gelukkig verby waar getrag word om landbou-ekonomiese probleme in 'n leunstoel op te los".

8.2 Ek slaan weer oor en hier sien ons weer visie wat ons nog steeds nastreef ten opsigte van produksie en veral bemarking, wat ons landbou-ekonome verwaarloos het, onder beskerming van die Bemarkingswet: "Die taak van die landbou-ekonoom is dus, in breë trekke, van 'n tweerlei aard, nl. eerstens om die boer leiding te gee in verband met die voordeligste kombinasie van die verskillende produksiefaktore in sy boerdery sodat hy teen die laags moontlike koste kan produseer en tweedens om leiding te gee in verband met die afset van die boer se produkte". Ek slaan weer oor ná verdere teoretiese beredenerings en hy sê die volgende: ".. (Ons) kom by nog 'n derde algemene taak wat nie alleen die boer nie, maar die volk in sy geheel raak, nl. om aan die staat ten opsigte van landboubeleid leiding te gee." Hierna gaan hy aan en sê: "Daar is egter baie meer ekonomiese ondersoek in ons landbou as wat tot dusver ingestel is, nodig voordat die landbou-ekonoom die vaste grond onder sy voete sal hê wat hom in staat sal stel om, wanneer hy voorstelle insake landboubeleid aan die Staat moet voorlê op feite te steun, en nie soos in die verlede onvermydelik moes gebeur het, sy toevlug tot leunstoelargumente te neem nie." (Tweede boodskap: Navorsing).

9. Na hierdie stelling van hom oor navorsing moet ek teruggaan na sy curriculum vitae en noodgedwonge kan ek slegs opsom, aangesien dit bladsye en bladsye beslaan:

In 1935 het hy reeds ingeklim met navorsingsprojekte (in die ou dae aangedui as bulletins of pamflette van die destydse Departement van Landbou - afsonderlik in twee tale en wat nog vandag te sien is in die Landboubiblioteek in Pretoria of party daarvan in sy versameling op Stellenbosch. In sy aandjare het hy hom een aand in my studeerkamer in Bloemfontein op sy sitvlak neergeplak en begin uitsorteer: "Smittie waar kom jy aan al hierdie goed, dit moet na Kassier se biblioteek gaan want ek het niks meer hiervan nie!" My antwoord onder protes, was "vat, prof. Tommie, want ek het nou klaar gelees en sommige van hierdie pamflette saam met jou gelewe". In kort: in die sestien jaar vanaf 1935 tot 1951 het 15 navorsingsbulletins verskyn van die Kaap tot in Transvaal en om uiterstes te noem: "Die ekonomie van somervrugte in die Westelike Kaapprovinsie, Meganiese en diere-trekkrag op graanplase, Die bemarking van huide en velle in die Unie van Suid-Afrika, World Production and International trade in butter and cheese, Ekonomiese ondersoek van varsmelkboerdery in Natal (1947-48) en 'n soortgelyke ondersoek in die Witwatersrandse gebied (1947-48) en albei gepubliseer in 1951. Die laaste twee oor varsmelkboerdery in Natal en die Witwatersrand, het ek saam met hom belewe, eers as veldwerker, toe as assistent. En wat 'n terroris was hy nie! Alle vraelyste is met die hand getabelleer en die gegewens met 'n handrekenaar verder verwerk. Maar as prof. Tommie die stang vasgebyt het en hy begin bloed ruik, dan bars jy. Tussen lesings deur het ek masjien geslaan en as hy in die kantoor inkom was daar geen einde nie. Alle statistiese werk is per hand gedoen en menigmaal het ek van pure moegheid oor daardie masjien aan die slaap geraak. Dan sê hy maar net: "Smittie, gaan spoel jou gesig af en word weer wakker!" So het dit aangegaan en ek het daardie syfers naderhand in my slaap kon herhaal. Met die skrywery het ek moes bysit. Wat 'n belewenis!!

Toe ek in 1952 na die VSA is vir verdere studie, was die Natalse bulletin saam en die bekende Earl O Heady produksie-ekonoom van wie ek en oorlede Schalk du Toit die eerste SA studente was, se kommentaar iets van die aard: "This is a lovely piece of scientific research". Later toe Heady by een van ons kongresse in Durban gasspreker was, het hy en prof. Tommie in Pretoria bymekaar uitgekom by 'n onthaal wat Harry Hattingh vir hulle gereël het. Harry (toevallig 'n oud-student van my) het later vir my gesê en ek gee dit nou in my eie woorde: "Dit was 'n belewenis om net stil te sit en na hul gesprek te luister. Dit was 'n diepte-gesprek en prof. Tommie is 'tops'".

10. Maar benewens die 15 navorsingsprojekte oor 'n periode van 16 jaar, verskyn daar nie minder nie as nagenoeg 49 wetenskaplike artikels uit sy pen, sommige saam met ander outeurs soos onder andere ekself, S.S. Brand, H.A. Kotzé, S.P. van Wyk, ens. in tydskrifte soos die destydse Boerdery in SA, SA Tydskrif vir Ekonomie, die SA Akademie vir

Wetenskap en Kuns se tydskrif vir Geesteswetenskappe en andere, sowat 12 meer populêr-wetenskaplike artikels in 'n verskeidenheid van tydskrifte en lewer hy 'n bydrae tot 5 gepubliseerde boeke. Maar nog is dit nie die einde nie. Deur sy nagraadse studente lewer hy 'n reuse bydrae tot ons vak. Nie minder nie as 23 doktorale studente (D.Sc.-Agric., D.Com., D.Phil., en D.Agric (Inst. Agrar)) en 18 magister-studente loop onder sy hande deur. Tien van sy nagraadse studente het die professorale status bereik, waarvan 8 as departementshoofde en twee as ere-professore. En moet nou nie dink dat hy op die manuskripte van sy kandidate gesit en broei het nie. Vandag eers besef ek dat 'n besige man soos hy nagte moes deurgesit het. En ai, het hy 'n valkoog gehad en was hy lief vir die kantlyn wat hy altyd op aangedring het!! Ek noem slegs een voorbeeld uit my eie ervaring. As student spook jy self ure om jou gegewens en stellings so akkuraat as moontlik voor te berei voordat jy jou "meesterstuk" aan hom voorlê. Dan kom die stuk terug en benewens die talle opmerkings in rooi ink aangebring, kry jy een regaf rooi streep langs die kantlyn met in hoofletters daarlangs die uitroep: "Aikôna!" Nou deurdink jy weer opnuut hierdie paragraaf en as jy na 'n paar dae met 'n goeddeurdagte voorlegging kom, dan hoor jy: "Hoekom het dit jou so lank geneem om dit uit te pluis?" In sy doktorale proefskrif (1969) getiteld: "The contribution of agriculture to the economic development of South Africa" som dr. S.S. Brand die bydrae van F.R. Tomlinson tot ons vak ten beste op in die volgende woorde: "Prof. Tomlinson is, in addition to his numerous other achievements, perhaps the one person who has had the profoundest influence on the development of Agricultural Economics as an academic discipline in South Africa, and I regard it is an honour to have been associated with him in this project since 1965 ..."

11. Nou kan u vir my sê: "Maar hierdie is meer as 'n leeftyd se werk!" Ek stem volkome saam, maar baie beknop en van primêre betekenis vir ons land, nog die volgende:

11.1 Hy het gedien as navorser vir 'n belangrike Kommissie van Ondersoek na die Koringbedryf in Suid-Afrika in die vroeë jare veertig.

11.2 Hy was voorsitter van die Kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-gebiede binne die Unie van Suid-Afrika (1955). Die verslag het wêreldwyd die aandag getrek en na 41 jaar wéér weerklank gevind in die "Stop van Myne" deur Johan van Wyk in die Volksblad van 2 Mei 1996.

11.3 Hy was voorsitter van die Kommissie oor Kleinhoewes in die buite-stedelike gebiede van die Unie van Suid-Afrika (1957).

11.4 Hy was voorsitter van 4 interdepartementele komitees (1960-1968) handelende oor besproeiingsnedersettings en die gebruik van landbougrond.

Wat 'n voorreg was dit nie vir my om as navorser onder sy toesig en nuuskierige waarnemer veral tydens die insameling van getuienis en toegang tot ingediende memoranda, deel te kon hê in etlike van hierdie ondersoeke nie.

11.5 Dan was hy ook lid en soms voorsitter van departementele komitees rakende die landbou in Suid-Afrika.

12. Meneer die seremoniemeester, hierdie is 'n baie beknopte weergawe van 'n produktiewe en volgepropte werksloopbaan waarop ons as landbou-ekonome met trots kan terugkyk. Geen wonder dan ook dat dit aan bekronings nie ontbreek het nie. Ek noem net 'n paar van 14 wat hom toegeval het:

(i) In 1957 die Havengaprys vir Ekonomie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

(ii) Goue Protea, hoogste toekenning in Landsdiensbeweging, 1974.

(iii) Dekorasie vir Voortreflike Diens deur die Staatspresident, 1985.

(iv) Drie ere-doktorsgrade, reeds genoem.

13. Ek het reeds vroeër na sy professorale intreerede in 1939 verwys, en tyd laat my nie verder toe om hieroor uit te wy nie, maar sy versiendheid hierin geopenbaar oor die vele vlakke van ons vak, verplig my om weer 'n beroep op elke landbou-ekonoom te doen om dit in die hande te kry en te bestudeer. Oor die opleiding van die landbou-ekonoom het hy twee belangrike aspekte aangeraak, nl. dat hy goed onderrig moet wees ook in die moedervak, ekonomie en die statistiek. Oor laasgnoemde het hy in 'n meer ligtere luim die volgende kwytgeraak: "'n Bietjie kennis van statistieke is uiters gevaarlik ... dit is baie maklik om in landbou-ondersoek twak-korrelasies te verkry soos die bekende geval van die tussen die aantal ooievaars in Swede en die aantal geboortes ....."

14. 'n Tweede laaste punt oor die mens Tomlinson: U weet, dit is nou maar so dat jy by tye 'n student kry wat veral vir 'n toets net 'n ronde nul werd is. Tydens een van die vroeë nasienrondtes as lektor gebeur dit toe dat ek 'n nulpunt aan 'n student moes toeken. Toe ek dit onder prof Tommie se aandag bring, was sy kommentaar die volgende: "Smittie in hierdie Departement kry 'n student nooit minder as 5 persent nie. Die 5 persent is vir sy ma wat hom swaar grootgemaak het." Dames en here,

as die jongste kind van 13, was hierdie wyse woorde van 'n mens wat verstaan. Uit die eerste gedenklesing toe hy nog gelewe het, haal ek hom aan uit Warren: "Truth is simple. If you cannot say a thing in simple words, you do not know what you are talking about." En dan in sy eie woorde: "Ek dink ons landbou-ekonome kan gerus kennis neem van Warren se stelling want ons is deesdae in sommige geskrifte ietwat geneig tot hoogdrawendheid".

En elders stel hy dit" "(Ek) wil net graag die hoop uitspreek dat die rekenaar wat so geweldig opgang maak, tog nie die so broodnodige denkvermoë van die landbou-ekonoom sal vervang nie". Dit is "truth in simple words".

15. Wat was ek verbaas toe ek so kort voor sy 80e jaar 'n publikasie getiteld: "My deelname aan sport" ontvang met die volgende in sy handskrif aan my: "Uit waardering vir goeie vriendskap oor baie jare. Ek verkry graag jou kritiek hoe skerp ook al op hierdie anderse nuwe poging van my". Sonder kritiek, ek kon nie, net interessante leesgenot! Dit gesels vanaf Swellendam na Stellenbosch, na die VSA, terug na Stellenbosch en eindig in Pretoria en dit gaan oor swem, bergklim, kanovaart, rugby en tennis. In 'n neutedop: Dié kort fris mannetjie het onder andere vir die Universiteit van Stellenbosch se 1e span uitgedraf op vleuel, ook so vir die gekombineerde SA Universiteitespan van 1929, Van der Stel rugbyklub 1e span en in Pretoria vir die bekende Pretoriaklub se 1e span en in tennis vir etlike spanne, o.a. vir Universiteit van Stellenbosch se 1e span as reserwe. Wat 'n vol en ryk lewe het hy nie gelei nie, skitterend en veelsydig in die wetenskap, op sportgebied en in sy omgang met sy medemens. Maar een uitstaande eienskap van die mens Tomlinson was sy ontsettende nederigheid teenoor mense, studente ingesluit. Hy het nooit toekennings gevra nie - dit het natuurlik na hom toe gekom.

16. Ek eindig hierdie nie-akademiese betoog van my graag in die woorde van Longfellow:

"Lives of great men all remind us we can make our lives sublime, and, departing, leave behind us footprints on the Sands of Time."

Ek dank u vir die voorreg om vanaand hier te kon optree tussen vakgenote, vriende, kinders en sommige van my oud-studente. Dit was inderdaad 'n voorreg wat aan min mense beskore is!

**VERWYSINGS**

BRAND, SS. (1969) *The contributions of agriculture to the economic development of South Africa.* D.Sc. (Agric.)-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

DIE LANDBOU-EKONOMIEVERENIGING VAN SUID-AFRIKA. (1986). *Eerste FR Tomlinson gedenklesing.* Aangebied deur die Transvaalse Aksiegroep van LEVSA. 31 Oktober 1986.

NIEUWOUDT, W.L. (1993). FR Tomlinson Memorial Lecture - South African land reform: A policy evaluation. *Agrekon,* Vol. 32(3)96-100.

SMITH, D.J.G. (1996). *Persoonlike herinneringe.*

TOMLINSON, F.R. (1988). *My deelname aan sport*. Drukwerk BK.

TOMLINSON, F.R (Ongedateerd). *Curriculum vitae.*

TOMLINSON, F.R. (1939). *Die taak van die landbou-ekonoom in Suid-Afrika.* Professorale intreerede (Landbou-ekonomie), Universiteit van Pretoria.

TOMLINSON, F.R.. (1973). Enkele persoonlike gedagtes. *Agrekon*, Vol. 12(1):44-48.